

Houtbewerking



Houtbewerking is 'n noodsaaklike en integrale deel van Siviele Tegnologie wat nou saamwerk met Konstruksie. Hierdie afdeling fokus op die verwerking en gebruik van hout vir beide permanente en tydelike strukture binne die boubedryf. Leerders verkry kennis en vaardighede in die vervaardiging van daksparre, deure, vensters, kaste, trappe en ander hout komponente wat deel vorm van geboue.

'n Belangrike aspek van Houtbewerking is die bou van tydelike ondersteunings soos bekisting, sentrering en stutting wat nodig is tydens die oprigting van beton- en werkstrukture. Leerders leer hoe om hierdie ondersteunings akkuraat, veilig en koste-effektief te konstrueer en te verwyder.

Die afdeling sluit ook die studie van houtsoorte, verbindings metodes, ysterware en afwerkings in. Gebruik van hand- en masjiengereedskap, asook streng veiligheidsmaatreëls, word voortdurend beklemtoon. Grafiese kommunikasie en tegniese tekeninge speel 'n groot rol in die beplanning en uitvoering van houtprojekte.

Houtbewerking ontwikkel fyn motoriese vaardighede, probleemoplossing en akkuraatheid, en berei leerders voor vir loopbane soos skrynwerker, meubelmaker, bekistingswerker of verdere tegniese- en ingenieurstudies.



Meneer Thinus Verster
Departement: Siviele Tegnologie

